# GEMEENTEBULLETIN

21 TOT 28 Julie 2023

navrae@stellenberg.co.za | 021 976 4519 (Kantoorure: 08:00 tot 14:00)

WhatsApp-boodskappe: 081 045 2428




## Sondag 23 Julie 2023

**Eredienste ook aanlyn op www.stellenberg.co.za of op YouTube.**

**Skrifgedeelte: Genesis 28:10-19**

Oggenddiens om 09:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Potgieter 3

Familiediens om 09:00 in die kleinsaal en aanlyn | Ds. Breytenbach 9

Meditatiewe diens om 09:00 in die kapel en aanlyn | Ds. Dietmann

*Aanddiens om 18:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Schoombie

*Die aanddiens is 'n teruvoergeleentheid oor die afgelope vakansie se uitreike. Alle lidmate is hartlik welkom om dit by te woon om meer van die geseënde uitreike te hore te kom.

**Kategese hervat op 23 Julie**

Kategesegroepe en die kleuterkerk (09:00) in die grootsaal hervat op Sondag 23 Julie. Die juniorgroepe ontmoet na die oggenddienste soos hier onder uiteengesit tot 10:45 en die seniors verdeel na die aanddiens in kleingroepe.
Graad 1-3: Kleinsaal
Graad 4-6: Grootsaal
Graad 7: Jeuglokaal

## Deuroffer

Ruyterwacht Senior Sentrum. Die sentrum bedien seniors in die Ruyterwacht-omgewing, wat nog in hul eie huise woon, met 'n verskeidenheid dienste.

---



## Omgeetrust wynveiling | 13 Sept.

Die omgeetrust ondersteun verskeie projekte wat dienste aan minderbevoorregte kinders en bejaardes lewer. Die trust bied op 13 September om 18:30 'n wynveiling in die kleinsaal aan. Kaartjies teen R250 per persoon sluit aandete, wyn, nagereg asook 'n wynproe saam met Fryer's Cove-kelder in. Jan Ponk van Zyl tree as spreker op.

Stuur asseblief 'n e-pos aan feesmark@stellenberg.co.za indien jy graag die gesellige fondsinsamelingsgeleentheid wil bywoon.

---

## Vroueoggend | Woensdag 9 Aug

Ons nooi alle vrouens en meisies om aan te sluit by ons vroueoggend wat op 9 Augustus (Vrouedag) om 09:30 in die markplein aangebied word. Kaartjies teen R200 elk sluit ontbyt, sap, tee en koffie in. Gasspreker: Alicia Buckle, eienaar van 'n bekende grimeerskool in die Paarl. Gaskunstenaars: Die Edna's. Kaartjies te koop by:

Charlotte, 021 976 4519/charlotte@stellenberg.co.za.




---

## VatVyf-uitstappie

Op Woensdag 16 Augustus besoek ons die Postberg Weskus Nasionale Park. Koste is R104 per persoon. Betaling en bespreking moet voor 11 Augustus gedoen word by:

Charlotte 021 976 4519.

Bussies sal 08:30 van die kantoor vertrek.




---

## Augustus is barmhartigheidsmaand

Kosnood bly deurgaans 'n uitdaging en daarom wil ons as gemeente graag aan mense wat voedselnood beleef, praktiese

hulp in dié verband verleen.




Hoe kan jy help?

- Neem ’n inkopiesak by die kerk se deur en vul dit met die voorgestelde kositems.  Gee die gevulde sak by die kerkkantoor af, of laat dit in die voorportaal van die kerk sodat ons dit onder verskillende gesinne in nood kan versprei.
- MiChange-koeponne: Maak ’n verskil in iemand se lewe deur ’n Michange-koepon @ R50 by die kerkkantoor te koop en aan ’n hawelose persoon te skenk.  Met dié koepon kan die ontvanger ’n ete, ’n warm stort, slaapplek en  berading by enige MES-sentrum ontvang.

---

## Winterhulp – baie dankie

Ons is baie dankbaar vir die positiewe reaksie wat ontvang is op die oproep vir komberse en wintersklere.  Baie van die bydraes is reeds verpak en na welsynsorganisasies versend.  Bydraes kan steeds by die kerkkantoor afgegee word of in die mandjies in die voorportaal van die kerk geplaas word.




---




## Gee jou mening . . .

Laat weet ons asseblief of jy van die nuwe voorkoms van die elektroniese bulletin hou, en of jy die pdf-weergawe soos in die verlede verkies?

Stuur asseblief ’n e-pos deur op dié e-pos te "reply" en gee jou mening.

---

## Doopaansoeke

Doopgeleenthede word op die eerste Sondag van die maand aangebied.  Voornemende doopouers moet asseblief ’n maand voor die beplande doopdatum vir Anneke Serfontein, anneke@stellenberg.co.za of 021 976 4519 kontak om die nodige reëlings te tref.

---

## Is jy nuut?

Indien jy nuut aangesluit het by die gemeente, kontak asseblief vir Anneke Serfontein by die kerkkantoor, 021 976 4519/anneke@stellenberg.co.za.  Een van ons leraars sal jou graag persoonlik wil verwelkom.

---

## Gebedsversoeke

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

---



## Seniorweek

Ons wil graag alle seniors in die gemeente uitnooi om die volgende datums in hul dagboeke aan te teken.

3 September: Oggenddiens met koek en tee na die diens.

4 September: Dr. Stephan le Roux, lewenstylkonsultant gesels oor algemene gesondheid.

5 September: Lenteontbyt met ’n toneelopvoering.

---

## Met leedwese

Ons neem afskeid van Jacobus Adriaan (Kobus) Victor (04/01/1942– 12/07/2023). Gedenkdiens: 21 Julie.  Ons opgregte medelye met sy vrou, Cecile, wat hy agterlaat.

---

## Breigroep

Die breigroep ontmoet op Maandag 7 Augustus in die markplein. Die breigroep het ’n groot behoefte aan wolskenkings.  Gee bydraes van enige bruikbare wol asb. by die kerkkantoor af.



---




## Mannekamp

Dié naweek neem 33 van die gemeente se mans deel aan die mannekamp by die Wellington Spiritualiteitsentrum.  Ons vertrou dat dit vir hulle elkeen ’n geestelik vervullende ervaring sal wees.

---

## Finansiële bydraes

Baie dankie vir jou finansiële bydrae wat dit vir ons moontlik maak om voort te gaan met die gemeente se werksaamhede.

Gebruik gerus die SnapScan-toepassing om jou bydrae te maak, of betaal jou bydrae elektronies na:

**ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.**

Kontantbydraes: Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

---

## Elektroniese kommunikasie

- **Op jou rekenaar:**
  Jy kan die bulletin en Stellenberger per e-pos ontvang. Stuur jou e-posadres aan sanel@stellenberg.co.za.
- **Op jou selfoon:**
  Skandeer enige van die QR-kodes met jou slimfoon se kamera om by die WhatsApp-groep van jou keuse aan te sluit en toegang tot gerieflike elektroniese kommunikasie te ontvang. Jy kan die bulletin, geestelike dagstukke en algemene nuus op jou selfoon ontvang.

Gemeente se WhatsApp-groepe - Klik hier om aan te sluit

Stellenberg AnniBrand Junior

[Annibrand Junior: Klik hier om aan te sluit](#)

[Annibrand Senior: Klik hier om aan te sluit](#)

---


## Stellenberg Terapiesentrum

Die sentrum bied terapie, berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute, asook 'n besigheids- en lewensafrigter se dienste is beskikbaar. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 4519 (09:00 tot 13:00), of stuur 'n e-pos na therapy@ stellenberg.co.za. Na-ure skakel 083 519 0602.

Stellenberg
TERAPIE
Sentrum

---

## In die omgewing . . .



- **Sonstraal-gemeente bied aan Danskoors.** Kom sokkie en dans saam met DJ Wico op 21 Julie om 18:30 by Curro Durbanville (Mementorylaan). R180 per persoon. Bespreek

by 021 976 1236 of kommunikasie@sonstraal.org.za. Kaartjie sluit 'n burger in, bring eie drinkgoed.

- **Edelweiss bak pannekoek op** 28 Julie. Plaas jou bestelling asb. voor 26 Julie by 021 976 1150 of stuur 'n e-pos na edelweissontvangs@ gmail.com.

h.v. Edelweissweg en Mountain Viewrylaan | Eversdal, Wes-Kaap 7550 ZA | www.stellenberg.co.za

**Share this email:**

**Manage** your preferences | **Opt out** using **TrueRemove**™
Got this as a forward? **Sign up** to receive our future emails.
View this email **online**.

h.v. Edelweissweg en Mountain Viewrylaan
Eversdal, Wes-Kaap | 7550 ZA

This email was sent to .
*To continue receiving our emails, add us to your address book.*

Subscribe to our email list.